

STUDIESTUK 2: DR T VAN WYK

Kinders se deelname aan die Nagmaal: 'n Oorsig oor tersaaklike aspekte

INLEIDING

Gedurende die laaste 30 jaar is goeie en omvattende navorsing gedoen oor die vraag na kinders se deelname aan die sakrament van die Nagmaal. In hierdie opsig verwys ek veral na die 1982-redaksionele samevoeging deur Geiko Müller-Fahrenheit van die Wêreldraad van Kerke se omvattende studie oor kinders se deelname aan die Nagmaal. In die Hervormde Kerk (waarvan ek bewus is) het Johan Koekemoer (1999) en Johan Buitendag (2001) onderskeidelik 'n memorandum en 'n artikel hieroor geskryf. Verskeie ander het studente begelei in nagraadse studie met verwante temas.

Wat ek hier aanbied, is dus geensins nuwe navorsing nie. Die feit dat hierdie navorsing vir 'n geruime tyd beskikbaar is, kan die Hervormde Kerk moontlik aanmoedig om nou 'n gepaste besluit hieroor te neem. Die Hervormde Kerk beklemtoon op die oomblik gesinsbediening. Dit is nie sonder kritiek nie. Tog beteken dit dat die Kerk vinniger oor kinders se deelname aan die Nagmaal moet besin as voorheen, anders is die Kerk nie konsekwent ten opsigte van die Kerk se eie bediening nie. Op grond hiervan word 'n paar perspektiewe in hierdie kort kommentaar op die tafel geplaas.

OORSIG EN OPSOMMING: SAKRAMENT EN TEOLOGIE

Vanaf 13 tot 19 April 1980 is 50 verteenwoordigers van verskillende kerklike tradisies en verskillende lande deur die *Faith and Order*-kommissie van die Wêreldraad van Kerke byeengebring met die doel om saam te praat en te dink oor kinders se deelname aan die Nagmaal. Die deelnemers het bestaan uit onderwysers, teologiesdosente, predikante en sielkundiges. Hierdie deelnemers het ooreengekom dat die toelating van kinders tot die Nagmaal nie die uitdagings en probleme van die kerk-in-die-wêreld en ook nie die uitdagings van kindwees sonder meer gaan oplos nie. Tog is die moontlike deelname van kinders aan die Nagmaal as 'n opwindende geleentheid vir kinderbediening beskou, en ook 'n opwindende uitdaging om die vele fasette van bediening aan al die kerk se lidmate te ontdek. Dit is verder beskou as 'n geleentheid om ekumeniese bande te versterk en die kerk se roeping in die wêreld uit te leef. In die studie is aangetoon dat veral twee aspekte (daar is ander ook) verband hou met die debat oor kinders se deelname aan die Nagmaal:

- * 'n Kerklike tradisie of denominasie se oorkoepelende verstaan van sakramente (of sakramentsleer).
- * Die verhouding of verband tussen die twee sakramente van die Doop en die Nagmaal.

'N KERKLIKE TRADISIE OF DENOMINASIE SE VERSTAAN VAN DIE SAKRAMENTE

Hier speel die teologie van die bepaalde kerklike tradisie 'n rol, wat gepaard gaan met hermeneutiek (die wetenskap van verstaan en interpretasie) en Skrifverstaan en -gebruik. Die teologiese debatvoering oor die sakrament van die Doop kan as voorbeeld genoem word van hoe hermeneutiek prakties grondvat. In *Sistematiese Teologie* vandag (vergelyk Thiselton, 2015) word 'n algemene onderskeid tussen *infant baptism* ("kleindoop" in ons algemene spreektaal) en *believers baptism* (belydenisdoop) aanvaar. Karl Barth se teologiese insig dat die kleindoop nie Skriftuurlik begrond kan word nie (dit beteken: daar is nie 'n uitdruklike riglyn daarvoor nie), word ook algemeen aanvaar. Dit beteken dat 'n bepaalde geloofstradisie, in nederige geloof en met hulle belydenis, 'n bepaalde vorm van doop op teologiese gronde regverdig. In ons geval begrond ons die kleindoop op ons teologiese verstaan van God se verbond met die mensdom. Ek gebruik hierdie *uiters*

opgesomde voorbeeld om aan te toon dat, net soos in die geval van die sakrament van die Doop, méér as net Skriftuurlike getuienis 'n rol kan speel ten opsigte van die manier waarop 'n sakrament verstaan en gevier word binne 'n bepaalde kerklike tradisie of denominasie.

Die opsomming deur Müller-Fahrenheit (1982:8-9) bevestig dat ons nie uitdruklike riglyne vanuit die Bybel kry vir *kinders se deelname aan die Nagmaal* nie. Dit beteken dat ons die bedoeling van die evangelie, soos deur die Evangelieskrywers verwoord, vir ons konteks en ons spesifieke vraagstukke moet interpreteer en bepaal. Dit doen ons nederig en voortdurend, omdat ons weet dat elke nuwe generasie nuwe inligting tot hulle beskikking het, en gevolglik het niemand ooit alle wysheid (of antwoorde) in pag nie. In die Bybel vind ons 'n uitnodigende ingesteldheid teenoor kinders in die algemeen. Jesus sluit kinders in – by ruimtes en situasies wat volgens die sosiale kodes van die tyd vir hulle verbode was.

DIE VERHOUDING OF VERBAND TUSSEN DIE TWEE SAKRAMENTE

Daar is bepaalde kerklike tradisies (soos deur Müller-Fahrenheit aangetoon word) wat verkies dat daar geen verloop van tyd is tussen die geleentheid waar kinders gedoop word en waar kinders deelneem aan die Nagmaal nie. Vir hulle is die sakramente 'n onverdeelbare eenheid wat nie "in tyd" geskei kan word nie.

Ander tradisies se geloofspraktyk berus op die oortuiging dat die Nagmaal deur die Doop voorafgegaan behoort word, omdat daar 'n bepaalde voorbereiding vir deelname aan die Nagmaal moet wees. Hierdie voorbereiding kan die doophandeling op sigself wees, of 'n korter of langer proses van teologiese onderrig, of kategetiese. Volgens hierdie uitgangspunt moet die een wat Nagmaal gebruik, 'n onderskeid kan maak tussen die twee sakramente (byvoorbeeld). Dit word nie uitgespel op watter wyse hulle 'n onderskeid moet kan maak nie. Hulle moet op die een of ander wyse 'n bewussyn hê van die geloofsgemeenskap (*communio*) tussen gelowiges en die wyse waarop geloof in God tydens die Nagmaal bely word. Daar is egter geen ooreenstemming ten opsigte van wanneer 'n kind oud genoeg is om te verstaan nie en daar is selfs nie ooreenstemming oor wat 'n kind behoort te verstaan nie. Verskillende kerklike tradisies laat kinders op verskillende ouderdomme toe, maar let daarop dat kinders wel toegelaat word (aldus Müller-Fahrenheit se 1982-verslag). Hier speel 'n kerklike tradisie se idee of visie van die kerk as *communio* (gemeenskap) 'n deurslaggewende rol.

MULTIDISSIPLINÊRE INSIGTE EN OORWEGINGS

Soos enige geloofsgemeenskap en kerklike tradisie, probeer die Hervormde Kerk ook die uitdagings van die dag interpreteer en 'n reaksie daarop bied. Dit beteken die Kerk poog om relevante teologie te praktiseer, en die Kerk probeer riglyne en ondersteuning aan die lede van die geloofsgemeenskap bied. Die Kerk se voortgaande denke oor teologie is veronderstel om te berus op die kerk se roeping om aan die wêreld te toon hoe die liefde van Jesus Christus lyk. Gegewe hierdie voortgaande roeping, kyk die Kerk voortdurend na binne en na buite, en probeer vir elke ander tyd met integriteit die liefde van Christus sigbaar maak.

Die groeiende populariteit van gesinsbediening en bedieningsplanne/-modelle van gemeentes wat op gesinsbediening berus (wat weer op die Kerk se oortuiging berus dat gesinsbediening 'n moontlike teenvoeter sal wees vir bepaalde kontekstuele uitdagings), maak dit baie moeilik en byna onverklaarbaar om kinders van die Nagmaal uit te sluit. Al die gesinslede se eweredige deelname aan die lewe van die Kerk word in hierdie benadering tot bediening beklemtoon. Al het dit nie teologies oral tuisgekome nie, kan daar miskien gestel word dat hierdie bedieningsmodelle juis fokus op 'n gesinsmodel wat nie hiërargies is nie. Vanuit 'n niehiërargiese perspektief is verhoudings gebou op elkeen se unieke bydrae tot die geheel van die verhouding, en almal is aktiewe deelnemers aan daardie verhouding. Om

kinders daarvan te weerhou om aan die Nagmaal deel te neem, is hiervolgens 'n direkte teenstelling van die gesinsgerigte bediening en ingesteldheid van die Kerk.

Die psigologie en antropologie het die potensiële skadelike gevolge uitgewys van die beginsel *kinders moet gesien word en nie gehoor word nie*: *In many places children have been freed from the traditional patterns of authority which kept them subservient and which prevented adults from recognizing the fact that childhood has its own value and dignity and children are persons with particular gifts, needs and abilities* (Muller-Fahrenheit 1982:7). Kerk-in-die-wêreld kan nie anders nie as om kennis te neem van hierdie insigte. Die kerk word dan in 'n sekere sin geroep om die toereikendheid van die kerk se tradisionele maniere en patrone van leer en deelname van die sakrament van die Nagmaal te herbesoek om die relevansie van die kerk se bediening aan kinders te bepaal.

Die Nagmaal is nie net 'n belydenis en 'n viering nie. Dit is 'n geestelike belewenis wat tot elkeen wat daaraan deelneem, se spiritualiteit bydra. In hierdie opsig het die Hervormde Kerk, myns insiens, die geleentheid om op spirituele vlak op 'n vroeë ouderdom 'n blywende impak te maak oor die diep relevansie van die Nagmaal. Ons beleef en ervaar nie net met ons brein of sintuie nie (kognitief). Hiermee betoog ek glad nie dat daar van ons teologiese diepgang ontslae geraak moet word nie. Trouens, ek argumenteer dat dit verder aangevul word deur dit wat ons "geestelik" (ons spiritualiteit) ervaar. Die voorste teoloë wat oor die fenomeen "spiritualiteit" navorsing doen, leer ons dat spiritualiteit *the lived experience of belief* (Celia Kourie 2006) is. Dit is die *godmenselik betrekingsgebeuren ... onder het oogpunt van omvoring* (Kees Waaijman 2006) en dit is *the experience of consciously striving to integrate one's life in terms not of isolation and self-absorption, but of self-transcendence toward the ultimate value one perceives* (Sandra Schneiders 1986).

KENNIS EN VERTROUE, HART EN VERSTAND

Vrees ontstaan dikwels dat 'n te vroeë deelname van kinders aan die Nagmaal 'n situasie skep waarin kinders sal deelneem sonder om te waardeer of te verstaan, en sonder die vermoë tot self-introspeksie. Hiervolgens is die Nagmaal alleenlik 'n deduktiewe of pedagogiese of rasionele oefening. En tog:

At no time is there *real* assurance of any person's readiness to commune, be she or he a child or an adult. Theological, psychological and pedagogical insights serve to reinforce each other as the church nurtures its baptized not merely as potential institutional replacements in the future but as actual personal partners in the present (Müller-Fahrenheit 1982:2)

Dit is eie aan Reformatoriese teologie en dus ook vir die Hervormde Kerk om met hart én verstand die misterie van God se betrokkenheid by ons weer te gee. Dit word beklemtoon deur ons kortste en bekendste definisie van geloof, wat in die Heidelbergse Kategismus se vraag en antwoord 21 staan, en wat ons vandag nog aan ons kinders en jongmense leer, naamlik dat geloof kennis én vertroue is. Inderdaad is dit die Hervormde Kerk se trots en 'n belangrike identiteitsmerker dat rasionele denke en verstand 'n belangrike aspek is van ons geloofservarings en ons teologie. Tog lei die eensydige beklemtoning daarvan tot die verarming van ons geloofservarings en kan dit bepaalde *oorreglementering van geloofsrituele* meebring.

In ons kerklike kring is die verstandelike vermoë, en vir die doeleindes van hierdie debat, die gepaardgaande ouderdom van kinders, die eerste en die grootste struikelblok om te oorkom as dit by kinders se deelname aan die Nagmaal kom. Die rede daarvoor is ons Hervormde teologie, maar ook die erns waarmee ons die sakrament van die Nagmaal bejeën. Verstandelike vermoë en ouderdom hou egter nie in alle gevalle reglynig met mekaar verband nie, soos Nicole Hamman, student aan die Universiteit van Pretoria in 2008, in haar studie oor intellektueel gestremde kinders en geloof aangetoon het (Hamman 2008:69):

Kinders wat intellektueel gestremd is glo anders as "normale" kinders wat dieselfde kronologiese ouderdom is. Maar dit beteken nie dat hulle glad nie kan glo nie. Hulle verstaan teologiese konsepte as dit baie eenvoudig gestel word. Dit beteken dat hulle slegs 'n vereenvoudigde en beperkte begrip van sommige konsepte het.

Ek gaan nie hier in verdere besonderhede oor hierdie spesifieke saak uitbrei nie (dit is 'n studie op sigself), behalwe om te beklemtoon dat daar 'n bewussyn en 'n gewilligheid in sommige kerklike denominasies is om kinders (en mense in die algemeen) nie op grond van verstandelike vermoëns uit kerklike rituele en die belydenis van geloof uit te sluit nie. In sulke gevalle word die teologiese aspekte se kern weergegee op 'n manier waarop dit bevatlik is vir die persoon wat dit aanhoor en meedoen aan die ritme van kerkwees. In haar studie het Hamman verwys na formuliere vir belydenisaflegging, Doop en Nagmaal wat in die NG Kerk gebruik word om voorsiening te maak vir intellektueel gestremde kinders (Hamman 2008:70). Sy beklemtoon egter dat daar nog heelwat werk gedoen moet word en onderrigmateriaal oor spesifiek intellektueel gestremde kinders en hulle geloofservaring en -betrokkenheid geskep moet word. So ver my kennis strek, het die Hervormde Kerk nie sulke formuliere nie. Weer eens, die saak hier op die tafel is kinders se deelname aan die Nagmaal en nie die saak van intellektueel gestremde kinders nie. Tog beteken dit daar is 'n presedent vir die deelname aan kerklike rituele wat nie gegrond is op die vermoë om volledig te begryp of te verstaan wat tydens daardie kerklike ritueel of -praktyk plaasvind nie, en dit is wel van belang vir die vraag oor kinders se deelname aan die Nagmaal.

Deelname aan kerklike rituele kan nie sonder ENIGE begeleiding plaasvind nie. Kinders kan met die nodige begeleiding en ouderdomsgerigte onderrig aan die Nagmaal deelneem. Dit kom weer daarop neer om gepaste maniere te vind om die teologiese swaartekrag van die Nagmaal aan die kinders weer te gee.

Om kinders van deelname aan die Nagmaal te weerhou, kan dus nie teologies of kerklik geregverdig word nie.

GERAADPLEEGDE LITERATUUR

- Buitendag, J., 2001, '*Saam in een liggaam*' (1 Korintiërs 10:17) – *Deelname van kinders aan die nagmaal*, HTS Teologiese/Theological Studies, 57 (1&2), 535-560.
- Hamman, N.M., 2008, *Intellektueel gestremde kinders en geloof binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk*, Ongepubliseerde MDiv-skripsie, Departement Dogmatiek en Christelike Etiek en die Departement Praktiese Teologie, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria.
- Koekemoer, J.H., 1999, *Kinders aan die nagmaalstafel – 'n Advies vanuit die Sistematiese Teologie aan die Nederduitsch Hervormde Kerk*, Ongepubliseerde memorandum aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die NHKA.
- Kourie, C., 2006, 'The "turn" to Spirituality', in De Villiers, P.G.E., Kourie, C.E.T. & Lombaard, C. (eds.), *The spirit that moves: orientation and issues in spirituality*, Acta Theologica Supplementum 9, 19-38.
- Müller-Fahrenholz, G. (ed.), 1982, ... *and do not hinder them. An ecumenical plea for the admission of children to the eucharist*. Faith and Order Paper 109, World Council of Churches, Geneva.
- Scheiders, S.M., 1986, 'Spirituality in the academy', *Theological Studies* 50, 676-697.
- Thiselton, A., 2015, *Systematic Theology*, Eerdmans, Michigan.
- Waaijman, K., 2006, *Spiritualiteit: Vormen, grondslagen, methoden*, Kok, Kampen.

---oOo---